# Remgro Beperk

## HOOFTREKKE

| | |
|---|---|
| Tussendividend per aandeel | **+20.2%** |
| Wesensverdienste per aandeel | **+56.3%** |
| Intrinsieke waarde per aandeel op 30 September | **R125.95** |

Registrasienommer 1968/006415/06 ISIN ZAE000026480 Aandelekode REM

# TUSSENVERSLAG Ongeouditeerde resultate vir die ses maande geëindig 30 September 2010 en VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE STAND

| | 30 September 2010 R'm | 30 September 2009 R'm | 31 Maart 2010 R'm |
|---|---|---|---|
| **BATES** | | | |
| **Nie-bedryfsbates** | | | |
| Eiendom, aanleg en toerusting | **3 105** | 2 975 | 3 050 |
| Biologiese landboubates | **177** | 76 | 157 |
| Beleggingseiendomme | **40** | 34 | 34 |
| Ontasbare bates | **359** | 391 | 361 |
| Beleggings – Geassosieerde maatskappye | **28 659** | 24 263 | 28 052 |
| – Gesamentlike ondernemings | **198** | 95 | 55 |
| – Ander | **5 835** | 5 519 | 6 644 |
| Aftreevoordele | **119** | 114 | 121 |
| Lenings | **106** | 44 | 108 |
| Uitgestelde belasting | **4** | 10 | 6 |
| | **38 602** | 33 521 | 38 588 |
| **Bedryfsbates** | **9 568** | 8 764 | 9 470 |
| Voorraad | **1 867** | 1 626 | 1 048 |
| Biologiese landboubates | **423** | 464 | 423 |
| Debiteure en korttermynlenings | **1 816** | 1 528 | 1 941 |
| Beleggings in geldmarkfondse | **1 739** | 1 918 | 1 812 |
| Kontant en kontantekwivalente | **3 392** | 2 995 | 3 827 |
| Ander bedryfsbates | **331** | 233 | 419 |
| **Totale bates** | **48 170** | 42 285 | 48 058 |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | | |
| Uitgereikte kapitaal | **3 605** | 8 | 3 722 |
| Reserwes | **40 256** | 38 161 | 39 837 |
| Tesourie-aandele | **(248)** | (260) | (255) |
| **Aandeelhouersekwiteit** | **43 613** | 37 909 | 43 304 |
| Nie-beherende belang | **774** | 710 | 779 |
| **Totale ekwiteit** | **44 387** | 38 619 | 44 083 |
| **Nie-bedryfslaste** | **1 356** | 1 306 | 1 517 |
| Aftreevoordele | **186** | 163 | 180 |
| Langtermynlenings | **188** | 213 | 175 |
| Uitgestelde belasting | **982** | 930 | 1 162 |
| **Bedryfslaste** | **2 427** | 2 360 | 2 458 |
| Handels- en ander krediteure | **2 223** | 2 205 | 2 292 |
| Korttermynlenings | **101** | 66 | 146 |
| Ander bedryfslaste | **103** | 89 | 20 |
| **Totale ekwiteit en laste** | **48 170** | 42 285 | 48 058 |
| **Netto batewaarde per aandeel** (Rand) | | | |
| – Teen boekwaarde | **R84.97** | R80.40 | R84.38 |
| – Teen intrinsieke waarde | **R125.95** | R110.54 | R121.64 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERINGE IN EKWITEIT

| | Ses maande geëindig 30 September 2010 R'm | Ses maande geëindig 30 September 2009 R'm | Jaar geëindig 31 Maart 2010 R'm |
|---|---|---|---|
| Saldo op 1 April | **44 083** | 38 787 | 38 787 |
| Totale omvattende inkomste | **1 068** | 361 | 2 526 |
| Dividende betaal | **(680)** | (553) | (1 006) |
| Kapitaal deur minderhede geïnvesteer | **4** | 6 | 10 |
| Ander bewegings | **8** | – | 2 |
| Langtermyn aandele-aansporingskemareserwe | **21** | 18 | 50 |
| Ontbondeling van belegging | **(117)** | – | – |
| Aandele uitgereik | **–** | – | 3 714 |
| Totale ekwiteit | **44 387** | 38 619 | 44 083 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN KONTANTVLOEI

| | Ses maande geëindig 30 September 2010 R'm | Ses maande geëindig 30 September 2009 R'm | Jaar geëindig 31 Maart 2010 R'm |
|---|---|---|---|
| Kontant uit/(deur) bedrywighede voortgebring/(benut) | **(460)** | (141) | 1 004 |
| Belasting betaal | **(143)** | (59) | (144) |
| Dividende ontvang | **795** | 712 | 1 444 |
| Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite | **192** | 512 | 2 304 |
| Dividende betaal | **(680)** | (553) | (1 006) |
| Netto kontantinvloei/(-uitvloei) uit bedryfsaktiwiteite | **(488)** | (41) | 1 298 |
| Beleggingsaktiwiteite | **167** | (730) | (1 147) |
| Finansieringsaktiwiteite | **38** | 8 | (5) |
| Netto toename/(afname) in kontant en kontantekwivalente | **(283)** | (763) | 146 |
| (Toename)/afname in geldmarkfondse | **73** | (340) | (234) |
| Wisselkoersverlies op buitelandse kontant | **(159)** | (921) | (1 190) |
| Kontant en kontantekwivalente aan die begin van die tydperk | **3 741** | 5 019 | 5 019 |
| Kontant en kontantekwivalente aan die einde van die tydperk | **3 372** | 2 995 | 3 741 |
| Kontant en kontantekwivalente – per staat van finansiële stand | **3 392** | 2 995 | 3 827 |
| Oortrokke bankrekening | **(20)** | – | (86) |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE INKOMSTESTAAT

| | Ses maande geëindig 30 September 2010 R'm | Ses maande geëindig 30 September 2009 R'm | Jaar geëindig 31 Maart 2010 R'm |
|---|---|---|---|
| Verkope | **6 118** | 5 499 | 11 849 |
| Voorraaduitgawes | **(3 642)** | (3 321) | (7 099) |
| Personeelkoste | **(1 061)** | (922) | (1 939) |
| Waardevermindering | **(149)** | (144) | (290) |
| Ander netto bedryfsuitgawes | **(898)** | (739) | (1 680) |
| Handelswins | **368** | 373 | 841 |
| Dividendinkomste | **94** | 80 | 116 |
| Rente ontvang | **75** | 57 | 146 |
| Finansieringskoste | **(20)** | (13) | (59) |
| Negatiewe klandisiewaarde | **112** | – | – |
| Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde | **(2)** | – | (179) |
| Wins/(verlies) met die verkoop en ontbondeling van beleggings | **157** | – | (9) |
| Gekonsolideerde wins voor belasting | **784** | 497 | 856 |
| Belasting | **(234)** | (180) | (309) |
| Gekonsolideerde wins na belasting | **550** | 317 | 547 |
| Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings | **1 880** | 875 | 2 619 |
| **Netto wins** | **2 430** | 1 192 | 3 166 |
| **Netto wins toeskryfbaar aan:** | | | |
| Ekwiteithouers | **2 405** | 1 171 | 3 060 |
| Nie-beherende belang | **25** | 21 | 106 |
| | **2 430** | 1 192 | 3 166 |
| **Belang in na-belaste wins van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings** | | | |
| Wins voor insluiting van waardedalings, nie-herhalende en kapitale items | **2 655** | 1 470 | 3 952 |
| Netto waardedaling van beleggings, bates en klandisiewaarde | **(69)** | (96) | (118) |
| Wins met die verkoop van beleggings | **52** | 11 | 41 |
| Ander nie-herhalende en kapitale items | **31** | (47) | (46) |
| Wins voor belasting en nie-beherende belang | **2 669** | 1 338 | 3 829 |
| Belasting | **(590)** | (363) | (981) |
| Nie-beherende belang | **(199)** | (100) | (229) |
| | **1 880** | 875 | 2 619 |

## WESENSVERDIENSTE REKONSILIASIE

| | Ses maande geëindig 30 September 2010 R'm | Ses maande geëindig 30 September 2009 R'm | Jaar geëindig 31 Maart 2010 R'm |
|---|---|---|---|
| **Netto wins vir die tydperk toeskryfbaar aan ekwiteithouers** | **2 405** | 1 171 | 3 060 |
| Plus/(minus): | | | |
| – Negatiewe klandisiewaarde | **(112)** | – | – |
| – Netto waardedaling van beleggings | **–** | – | 149 |
| – Waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting | **–** | – | 4 |
| – Waardedaling van ontasbare bates | **–** | – | 26 |
| – (Wins)/verlies met die verkoop en ontbondeling van beleggings | **(157)** | – | 9 |
| – Netto oorskot met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting | **–** | (5) | (4) |
| – Nie-wesensverdienste items ingesluit by geëkwiteerde verdienste van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings | **(13)** | 142 | 123 |
| – Belastinguitwerking van aansuiwerings | **83** | (9) | (10) |
| – Nie-beherende belang | **1** | (1) | (2) |
| **Wesensverdienste** | **2 207** | 1 298 | 3 355 |

## VERDIENSTE EN DIVIDENDE

| | Ses maande geëindig 30 September 2010 Sent | Ses maande geëindig 30 September 2009 Sent | Jaar geëindig 31 Maart 2010 Sent |
|---|---|---|---|
| **Wesensverdienste per aandeel** | | | |
| – Basies | **430.2** | 275.3 | 690.1 |
| – Verwater | **413.5** | 270.7 | 676.4 |
| **Verdienste per aandeel** | | | |
| – Basies | **468.8** | 248.4 | 629.4 |
| – Verwater | **451.8** | 244.6 | 616.3 |
| **Dividende per aandeel** | | | |
| Gewoon | **101.00** | 84.00 | 209.00 |
| – Tussen | **101.00** | 84.00 | 84.00 |
| – Finaal | | | 125.00 |

## VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE

| | Ses maande geëindig 30 September 2010 R'm | Ses maande geëindig 30 September 2009 R'm | Jaar geëindig 31 Maart 2010 R'm |
|---|---|---|---|
| Netto wins | **2 430** | 1 192 | 3 166 |
| Ander omvattende inkomste, netto van belasting | **(1 362)** | (831) | (640) |
| Wisselkoersaanpassings | **(151)** | (931) | (1 216) |
| Billike waarde aanpassings vir die tydperk | **(897)** | 520 | 1 421 |
| Uitgestelde belasting op billike waarde aanpassings | **161** | (82) | (219) |
| Realisasie van reserwes voorheen uitgestel in ekwiteit | **28** | – | (6) |
| Veranderinge in reserwes van geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings | **(503)** | (338) | (620) |
| Totale omvattende inkomste vir die tydperk | **1 068** | 361 | 2 526 |
| **Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:** | | | |
| Ekwiteithouers | **1 043** | 340 | 2 420 |
| Nie-beherende belang | **25** | 21 | 106 |
| | **1 068** | 361 | 2 526 |

## ADDISIONELE INLIGTING

| | 30 September 2010 | 30 September 2009 | 31 Maart 2010 |
|---|---|---|---|
| **Aantal aandele uitgereik** | | | |
| – Gewone aandele van 1 sent elk | **481 106 370** | 439 479 751 | 481 106 370 |
| Uitgereik op 1 April | **481 106 370** | 439 479 751 | 439 479 751 |
| Uitgereik gedurende die tydperk | **–** | – | 41 626 619 |
| – Ongenoteerde B-gewone aandele van 10 sent elk | **35 506 352** | 35 506 352 | 35 506 352 |
| Totale aantal aandele uitgereik | **516 612 722** | 474 986 103 | 516 612 722 |
| **Aantal aandele in tesourie gehou** | | | |
| – Gewone aandele teruggekoop en in tesourie gehou | **(3 336 894)** | (3 498 824) | (3 424 044) |
| | **513 275 828** | 471 487 279 | 513 188 678 |
| **Geweegde aantal aandele** | **512 983 023** | 471 427 011 | 486 152 822 |

In die bepaling van verdienste per aandeel en wesensverdienste per aandeel is die geweegde aantal aandele in berekening gebring.

| | 30 September 2010 R'm | 30 September 2009 R'm | 31 Maart 2010 R'm |
|---|---|---|---|
| **Genoteerde beleggings** | | | |
| ***Geassosieerd*** | | | |
| – Boekwaarde | **17 235** | 16 809 | 17 235 |
| – Markwaarde | **29 973** | 23 700 | 28 480 |
| ***Ander*** | | | |
| – Boekwaarde | **5 437** | 5 422 | 6 357 |
| – Markwaarde | **5 437** | 5 422 | 6 357 |
| **Ongenoteerde beleggings** | | | |
| ***Geassosieerd*** | | | |
| – Boekwaarde | **11 424** | 7 454 | 10 817 |
| – Direkteurswaardasies | **18 896** | 12 800 | 17 720 |
| ***Gesamentlike ondernemings*** | | | |
| – Boekwaarde | **198** | 95 | 55 |
| – Direkteurswaardasies | **216** | 95 | 55 |
| ***Ander*** | | | |
| – Boekwaarde | **398** | 97 | 287 |
| – Direkteurswaardasies | **398** | 97 | 287 |
| **Toevoegings tot en vervanging van eiendom, aanleg en toerusting** | **206** | 200 | 424 |
| **Kapitaalverpligtinge** (Ingesluit bedrae gemagtig, maar nog nie gekontrakteer nie) | **1 215** | 683 | 882 |
| **Waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede*** | **1 387** | 163 | 389 |
| **Dividende ontvang vanaf geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings teen beleggings verreken** | **409** | 259 | 1 222 |

** Die toename in waarborge en voorwaardelike aanspreeklikhede sedert 31 Maart 2010 hou verband met twee belastingaanslae wat gedurende die tydperk onder oorsig vanaf SAID ontvang is. Een van die aanslae ten bedrae van R565 miljoen hou verband met die terugkoop en kansellasie van tesourie-aandele, terwyl die tweede aanslag ten bedrae van R434 miljoen uitgereik is ten opsigte van die verkoop van beleggings. Die aanslae word betwis.*

## KOMMENTAAR

**1. REKENINGKUNDIGE BELEID**

Die tussenverslag word ooreenkomstig die erkennings- en metingsgrondslae van Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), ingesluit *IAS 34: Tussentydse Finansiële Verslagdoening*, en ooreenkomstig die vereistes van die Maatskappywet (Nr. 61 van 1973), soos gewysig, en die Noteringsvereistes van die JSE Beperk opgestel.

Hierdie finansiële state inkorporeer rekeningkundige beleid wat in ooreenstemming met dié van die vorige finansiële tydperke is, met die uitsondering van die implementering van die wysigings aan *IAS 28: Beleggings in Geassosieerdes*, wat voortspruit uit die inwerkingtreding van *IFRS 3: Besigheidsamevoegings*. Verwys na die gedeelte met betrekking tot veranderinge in rekeningkundige beleid hieronder vir verdere besonderhede.

**2. VERANDERINGE IN REKENINGKUNDIGE BELEID**

In die verlede is alle verwaterings- en teenverwateringsuitwerkings van ekwiteitstransaksies deur geassosieerde maatskappye en gesamentlike ondernemings waarby Remgro nie 'n party was nie, in ander omvattende inkomste verantwoord. Met die inwerkingtreding van die wysigings aan *IAS 28: Beleggings in Geassosieerdes*, wat voortspruit uit die toepassing van die gewysigde *IFRS 3: Besigheidsamevoegings*, word dié uitwerkings nou in wins en verlies verantwoord.

Ingevolge die oorgangsbepalings van die gewysigde *IFRS 3*, word dié standpunt slegs toegepas op finansiële tydperke wat op of na 1 Julie 2009 'n aanvang neem en gevolglik is die vergelykende resultate nie hersaamgestel nie. Die effek van die verandering in rekeningkundige beleid vir die tydperk onder oorsig was nie wesentlik nie. Ingevolge *Sirkulêr 3/2009: Wesensverdienste* word sulke transaksies nie by wesensverdienste ingesluit nie en gevolglik het die verandering in rekeningkundige beleid geen uitwerking op Remgro se wesensverdienste gehad nie.

**3. VERGELYKING MET VORIGE TYDPERKE**

Die verkryging van VenFin Beperk (VenFin) was op 23 November 2009 afgehandel toe VenFin-aandeelhouers 1 Remgro-aandeel vir elke 6.25 VenFin-aandele gehou, ontvang het. Vir die ses maande geëindig 30 September 2009 was geen inkomste van die VenFin groep in Remgro se resultate verantwoord nie, terwyl die insluiting van die VenFin groep gedurende die tydperk onder oorsig wesensverdienste met R92 miljoen verhoog het. Die verkryging het egter 'n negatiewe uitwerking op wesensverdienste per aandeel gehad vanweë die verwateringseffek van die uitreiking van 41.6 miljoen Remgro-aandele as teenprestasie vir die verkryging.

**4. RESULTATE**

**Wesensverdienste**

Vir die tydperk onder oorsig het wesensverdienste met 70.0% vanaf R1 298 miljoen tot R2 207 miljoen toegeneem, terwyl wesensverdienste per aandeel met 56.3% vanaf 275.3 sent tot 430.2 sent toegeneem het.

### BYDRAE TOT WESENSVERDIENSTE

| | Ses maande geëindig 30 September 2010 R'm | % Verandering | Ses maande geëindig 30 September 2009 R'm | Jaar geëindig 31 Maart 2010 R'm |
|---|---|---|---|---|
| Finansiële dienste | **930** | 79.9 | 517 | 1 355 |
| Nywerheidsbelange | **1 110** | 49.2 | 744 | 1 982 |
| Mediabelange | **45** | | – | 17 |
| Mynbelange | **72** | 28.6 | 56 | 96 |
| Tegnologiebelange | **59** | | – | 13 |
| Ander beleggings | **12** | 138.7 | (31) | (64) |
| Sentrale tesourie | **29** | (14.7) | 34 | 57 |
| Ander netto korporatiewe koste | **(50)** | (127.3) | (22) | (101) |
| | **2 207** | 70.0 | 1 298 | 3 355 |

*Verwys na Bylae A en B vir segmentinligting.*

FirstRand en RMBH se gesamentlike bydrae tot Remgro se wesensverdienste uit finansiële dienste het R930 miljoen (2009: R517 miljoen) bedra. Die toename van 79.9% kan hoofsaaklik toegeskryf word aan 'n beduidende afname in slegte skuld en verbeterde winsgewendheid in beide RMB en Wesbank.

Die bydrae van die nywerheidsbelange tot wesensverdienste het met 49.2% tot R1 110 miljoen (2009: R744 miljoen) toegeneem. Kagiso Trust Investments (KTI) se bydrae tot wesensverdienste het R197 miljoen (2009: R57 miljoen) bedra en is gunstig beïnvloed deur billike waarde aanpassings wat verband hou met sy aandeelhoudings in Metropolitan Holdings Beperk en Adcock Ingram Holdings Beperk. Total South Africa se bydrae tot wesensverdienste het R97 miljoen (2009: R15 miljoen verlies) bedra. Die verbeterde prestasie is hoofsaaklik die gevolg van gunstige voorraadherwaardasies en besparings in bedryfskoste. Distell se bydrae tot Remgro se wesensverdienste, wat die beleggings in Capevin Holdings en Capevin Investments insluit, het R105 miljoen (2009: R95 miljoen) bedra. Rainbow het effens laer resultate gerapporteer met 'n bydrae tot Remgro se wesensverdienste ten bedrae van R119 miljoen (2009: R125 miljoen). Medi-Clinic en Unilever se bydraes tot wesensverdienste het onderskeidelik R170 miljoen en R132 miljoen bedra (2009: R152 miljoen en R120 miljoen). Tsb Sugar het weer stewige resultate gelewer met 'n bydrae tot wesensverdienste van R177 miljoen (2009: R153 miljoen).

Mediabelange bestaan hoofsaaklik uit die belange in Sabido, MARC (voorheen SAIL) en Premier Team Holdings. Sabido se bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R54 miljoen bedra, terwyl MARC R3 miljoen bygedra het. Remgro se deel van Premier Team Holdings se verlies gedurende die tydperk onder oorsig was R15 miljoen.

Na die ontbondeling van die belegging in Trans Hex aan Remgro-aandeelhouers gedurende September 2010, is Implats die enigste oorblywende belegging wat onder mynbelange gerapporteer word. Dividende wat van Implats ontvang is, het R72 miljoen (2009: R53 miljoen) bedra, terwyl geen inkomste van Trans Hex gedurende die tydperk onder oorsig verantwoord is nie (2009: R3 miljoen).

Tegnologiebelange verteenwoordig hoofsaaklik die belang in die CIV groep van maatskappye, sowel as die beleggings in Tracker en SEACOM. Vir die tydperk onder oorsig het die CIV groep R39 miljoen tot Remgro se wesensverdienste bygedra, terwyl Tracker se bydrae tot wesensverdienste R34 miljoen bedra het. SEACOM het 'n wesensverlies van R81 miljoen vir die tydperk onder oorsig gerapporteer en Remgro se deel van hierdie verlies was R20 miljoen.

## KOMMENTAAR *(vervolg)*

Die bydrae van ander beleggings tot wesensverdienste het met R43 miljoen tot R12 miljoen (2009: R31 miljoen verlies) verbeter. Daar moet op gelet word dat 'n wesensverlies ten bedrae van R38 miljoen vir Xiocom by die resultate van die vergelykende tydperk ingesluit was. Hierdie belegging is in Maart 2010 verkoop. Business Partners se bydrae tot wesensverdienste het R8 miljoen bedra (2009: R7 miljoen).

Laer rentekoerse asook laer gemiddelde kontantsaldo's het veroorsaak dat die bydrae deur die sentrale tesourie-afdeling tot R29 miljoen (2009: R34 miljoen) afgeneem het. Die toename in ander netto korporatiewe koste tot R50 miljoen (2009: R22 miljoen) is hoofsaaklik die gevolg van die insluiting van VenFin se korporatiewe koste vir die eerste keer gedurende die tydperk onder oorsig, sowel as sekere nie-herhalende items in die vergelykende tydperk.

**Verdienste**
Totale verdienste het met 105.4% tot R2 405 miljoen (2009: R1 171 miljoen) toegeneem, hoofsaaklik as gevolg van die verdienstegroei van die onderliggende beleggings, sowel as die kapitaalsurplusse gerealiseer met die verkoop van Nampak en die ontbondeling van die belegging in Trans Hex ten bedrae van R22 miljoen en R52 miljoen onderskeidelik.

**5. INTRINSIEKE WAARDE**
Remgro se intrinsieke waarde per aandeel het met 3.5% vanaf R121.64 op 31 Maart 2010 tot R125.95 op 30 September 2010 toegeneem. Verwys na Bylaag B vir volle besonderhede.

**6. BELEGGINGSAKTIWITEITE**
***Die belangrikste beleggingsaktiwiteite gedurende die tydperk onder oorsig was soos volg:***

**Nampak Beperk (Nampak)**
Gedurende Augustus 2010 het Remgro sy 13.3%-belang in Nampak deur middel van 'n versnelde boekbouproses vir 'n totale bedrag van R1 358.9 miljoen (of R17.40 per aandeel) verkoop. Gedurende die tydperk onder oorsig is die resultate van Nampak vir die vier maande tot 31 Julie 2010 geëkwiteer en sy bydrae tot Remgro se wesensverdienste het R33 miljoen (2009: R13 miljoen) bedra.

**Trans Hex Groep Beperk (Trans Hex)**
Op 18 Augustus 2010 het Remgro se aandeelhouers die ontbondeling van die belegging in Trans Hex goedgekeur en op 13 September 2010 het elke Remgro-aandeelhouer 5.85 Trans Hex-aandele vir elke 100 Remgro-aandele gehou, ontvang. Aangesien die belegging in Trans Hex gedurende die vorige finansiële jaar as 'n belegging "gehou vir verkoop" herklassifiseer is, is geen inkomste van Trans Hex gedurende die tydperk onder oorsig verantwoord nie (2009: R3 miljoen).

**Medi-Clinic Korporasie Beperk (Medi-Clinic)**
Gedurende Augustus 2010 is 'n verdere R591.9 miljoen in Medi-Clinic belê ingevolge 'n regte-aanbod waardeur Medi-Clinic-aandeelhouers vir 'n addisionele 10 Medi-Clinic-aandele kon inskryf vir elke 100 aandele gehou, teen 'n prys van R23.00 per aandeel. Op 30 September 2010 was Remgro se belang in Medi-Clinic 45.4% (31 Maart 2010: 45.7%).

**Business Partners Beperk (Business Partners)**
Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 'n verdere 14 369 742 Business Partners-aandele vir 'n totale bedrag van R79.2 miljoen verkry. Remgro se belang in Business Partners, op 'n ten volle verwaterde grondslag, het tot 28.8% toegeneem (31 Maart 2010: 20.8%).

**Kagiso Trust Investments (Edms) Beperk (KTI) en die Kagiso Infrastructure Empowerment Fund (KIEF)**
Gedurende die 2007 finansiële jaar het Remgro ooreenkomste met KTI en KIEF aangegaan ingevolge waarvan Remgro homself verbind het om R350 miljoen in KIEF te belê. Die fonds het 'n teikengrootte van R650 miljoen en beoog om in infrastruktuurprojekte, insluitende paaie, lughawens, kragstasies, telekommunikasie-installasies, spoorwegnetwerke, hawens en water- en sosiale infrastruktuur te belê. Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 'n verdere R101.1 miljoen in KIEF belê. Teen 30 September 2010 het Remgro R195.3 miljoen van die R350 miljoen belê.

**Dark Fibre Africa (Edms) Beperk (Dark Fibre)**
In die verlede het Remgro slegs 'n indirekte belang van 31.3% in Dark Fibre gehad deur sy belange in die CIV groep van maatskappye. Gedurende Mei 2010 is R9.7 miljoen direk in Dark Fibre belê in ruil vir 'n 0.7%-ekwiteitsbelang in dié maatskappy. Hierdie belegging het Remgro se belang in Dark Fibre effektief tot 32.0% verhoog. Terselfdertyd het Remgro ingestem om 'n leningsfasiliteit ten bedrae van R85.0 miljoen aan Dark Fibre te verskaf. Die termyn van die fasiliteit is tien jaar en die volle bedrag is reeds aan Dark Fibre geleen.

**Capevin Holdings Beperk (Capevin Holdings)**
Gedurende die tydperk onder oorsig het Remgro 'n verdere 9 708 294 Capevin Holdings-aandele vir 'n totale bedrag van R33.1 miljoen verkry. Hierdie aankope het Remgro se indirekte belang in Distell tot 33.4% verhoog (31 Maart 2010: 33.3%).

***Ander kleiner beleggings wat gedurende die tydperk onder oorsig gemaak is in PGSI Beperk, Fundamo (Edms) Beperk, Premier Team Holdings Limited, One Digital Media (Edms) Beperk en Milestone China Funds, het R53.9 miljoen bedra.***

***Gebeure na 30 September 2010:***

**FirstRand Beperk (FirstRand) en RMB Holdings Beperk (RMBH)**
Op 12 November 2010 is aangekondig dat daar aan al die opskortende voorwaardes van die voorgestelde samesmelting van Metropolitan Holdings Beperk en Momentum Groep Beperk, sowel as die daaropvolgende ontbondeling deur FirstRand van sy totale aandeelhouding in die nuwe saamgesmelte entiteit (MMI Holdings Beperk) aan sy gewone aandeelhouers, voldoen is.

RMBH het ook aangekondig dat hy 'n aantal herstruktureringstappe ondersoek ten einde sy beleggingsportefeulje te hergroepeer en om aandeelhouerswaarde te verhoog. Hierdie stappe sluit in die moontlike skeiding van RMBH se versekerings- en bankbelange wat tot die afsonderlike notering van dié belange kan lei. Verdere aankondigings met betrekking tot bogenoemde sal deur RMBH gemaak word sodra meer inligting beskikbaar is.

**Dark Fibre** – Verdere ekwiteitsbelegging van R44.4 miljoen wat Remgro se belang verhoog na 34.5%.

**KTI en KIEF** – Verdere bedrag van R30.0 miljoen belê. Die bedrag reeds belê bedra nou R225.3 miljoen van die R350 miljoen waartoe verbind is.

**7. TESOURIE-AANDELE**
Op 31 Maart 2010 is 3 424 044 Remgro gewone aandele (0.7%) as tesourie-aandele deur 'n volfiliaalmaatskappy van Remgro gehou. Soos voorheen gerapporteer is hierdie aandele aangekoop ten einde die nuwe aandelegroeireg-skema, wat na die ontbondeling van die belegging in BAT gedurende November 2008 geïmplementeer is, te verskans.

Gedurende die tydperk onder oorsig is geen Remgro gewone aandele aangekoop nie, terwyl 87 150 Remgro gewone aandele aangewend is ten einde Remgro se verpligting teenoor skema deelnemers, wie aandelegroeiregte wat aan hulle toegeken is uitgeoefen het, te vereffen.

Op 30 September 2010 is 3 336 894 Remgro gewone aandele (0.7%) as tesourie-aandele gehou.

## VERKLARING VAN KONTANTDIVIDEND

**Verklaring van Dividend Nr. 21**
Hiermee word kennis gegee dat 'n tussendividend van 101 sent (2009: 84 sent) per aandeel verklaar is ten opsigte van beide die gewone aandele van een sent elk en die ongenoteerde B-gewone aandele van tien sent elk, vir die halfjaar wat op 30 September 2010 geëindig het.

**Belangrike datums:**

| | |
|---|---|
| Laaste dag van verhandeling ten einde vir die tussendividend te kwalifiseer | Vrydag, 7 Januarie 2011 |
| Aandele verhandel ex dividend | Maandag, 10 Januarie 2011 |
| Rekorddatum | Vrydag, 14 Januarie 2011 |
| Betaaldatum | Maandag, 17 Januarie 2011 |

Aandeelsertifikate mag nie vanaf Maandag, 10 Januarie 2011 tot Vrydag, 14 Januarie 2011, albei dae ingesluit, gedematerialiseer of hermaterialiseer word nie.

Geteken namens die raad van direkteure.

**Johann Rupert**
*Voorsitter*

**Thys Visser**
*Hoofuitvoerende beampte*

Stellenbosch
25 November 2010

## BYLAAG A
## SAMESTELLING VAN WESENSVERDIENSTE

| | Ses maande geëindig 30 September | | Jaar geëindig 31 Maart |
|---|---|---|---|
| | **2010 R'm** | 2009 R'm | 2010 R'm |
| **Finansiële dienste** | | | |
| RMBH | **475** | 296 | 720 |
| FirstRand | **455** | 221 | 635 |
| **Nywerheidsbelange** | | | |
| Medi-Clinic Korporasie | **170** | 152 | 460 |
| Unilever SA Holdings | **132** | 120 | 279 |
| Distell Groep[1] | **105** | 95 | 281 |
| Rainbow Chicken | **119** | 125 | 259 |
| Tsb Sugar | **177** | 153 | 227 |
| Air Products South Africa | **69** | 53 | 115 |
| Nampak | **33** | 13 | 73 |
| Total South Africa | **97** | (15) | 42 |
| Kagiso Trust Investments | **197** | 57 | 128 |
| PGSI | **(4)** | (18) | 83 |
| Wispeco | **20** | 24 | 63 |
| Ander nywerheidsbelange | **(5)** | (15) | (28) |
| **Mediabelange** | | | |
| Sabido | **54** | – | 11 |
| MARC | **3** | – | 5 |
| Ander mediabelange | **(12)** | – | 1 |
| **Mynbelange** | | | |
| Implats | **72** | 53 | 85 |
| Trans Hex Groep | **–** | 3 | 11 |
| **Tegnologiebelange** | | | |
| CIV groep[2] | **39** | – | 7 |
| SEACOM | **(20)** | – | – |
| Tracker | **34** | – | – |
| Ander tegnologiebelange | **6** | – | 6 |
| **Ander beleggings** | **12** | (31) | (64) |
| **Sentrale tesourie** | **29** | 34 | 57 |
| **Ander netto korporatiewe koste** | **(50)** | (22) | (101) |
| **Wesensverdienste** | **2 207** | 1 298 | 3 355 |
| Geweegde aantal aandele (miljoen) | **513.0** | 471.4 | 486.2 |
| **Wesensverdienste per aandeel (sent)** | **430.2** | 275.3 | 690.1 |

**Aantekeninge**
1. Sluit beleggings in Capevin Investments Beperk en Capevin Holdings Beperk in.
2. Sluit die beleggings van CIV Fibre Network Solutions (Edms) Beperk, CIE Telecommunications Beperk, CIV Power Beperk, Central Lake Trading No. 77 (Edms) Beperk en Dark Fibre Africa (Edms) Beperk in.

## BYLAAG B
## SAMESTELLING VAN INTRINSIEKE NETTO BATEWAARDE

| | 30 September 2010 | | 31 Maart 2010 | |
|---|---|---|---|---|
| | **Boekwaarde R'm** | **Intrinsieke waarde R'm** | Boekwaarde R'm | Intrinsieke waarde R'm |
| **Finansiële dienste** | | | | |
| RMBH | **6 769** | **11 472** | 6 400 | 9 785 |
| FirstRand | **6 346** | **10 325** | 6 026 | 9 719 |
| **Nywerheidsbelange** | | | | |
| Medi-Clinic Korporasie | **3 593** | **7 513** | 3 111 | 6 948 |
| Unilever SA Holdings | **3 164** | **4 711** | 3 109 | 4 346 |
| Distell Groep[1] | **1 842** | **4 552** | 1 798 | 4 430 |
| Rainbow Chicken | **1 979** | **3 433** | 1 956 | 3 412 |
| Tsb Sugar | **1 557** | **2 677** | 1 376 | 2 506 |
| Air Products South Africa | **525** | **1 948** | 536 | 1 752 |
| Nampak | **–** | **–** | 1 205 | 1 398 |
| Total South Africa | **727** | **1 280** | 631 | 1 080 |
| Kagiso Trust Investments | **1 328** | **1 350** | 1 213 | 1 269 |
| PGSI | **538** | **569** | 533 | 528 |
| Wispeco | **377** | **379** | 358 | 381 |
| Ander nywerheids-belange | **404** | **452** | 328 | 351 |
| **Mediabelange** | | | | |
| Sabido | **889** | **1 489** | 837 | 1 215 |
| MARC | **188** | **206** | 187 | 211 |
| Ander media-belange | **57** | **32** | 50 | 71 |
| **Mynbelange** | | | | |
| Implats | **4 804** | **4 804** | 5 711 | 5 711 |
| Trans Hex Groep | **–** | **–** | 65 | 106 |
| **Tegnologiebelange** | | | | |
| CIV groep[2] | **513** | **770** | 378 | 539 |
| SEACOM | **726** | **1 068** | 721 | 1 120 |
| Tracker | **610** | **992** | 574 | 911 |
| Ander tegnologie-belange | **375** | **378** | 385 | 479 |
| **Ander beleggings** | **787** | **495** | 573 | 399 |
| **Sentrale tesourie – kontant by die kern[3]** | **5 082** | **5 082** | 4 662 | 4 662 |
| **Ander netto korporatiewe bates** | **433** | **613** | 581 | 796 |
| **Netto batewaarde (NBW)** | **43 613** | **66 590** | 43 304 | 64 125 |
| **Potensiële KWB-aanspreeklikheid[4]** | | **(1 938)** | | (1 703) |
| **NBW na belasting** | **43 613** | **64 652** | 43 304 | 62 422 |
| Uitgereikte aandele na aftrekking van aandele teruggekoop (miljoen) | **513.3** | **513.3** | 513.2 | 513.2 |
| **NBW na belasting per aandeel (Rand)** | **84.97** | **125.95** | 84.38 | 121.64 |

**Aantekeninge:**
1. Sluit beleggings in Capevin Investments Beperk en Capevin Holdings Beperk in.
2. Sluit die beleggings van CIV Fibre Network Solutions (Edms) Beperk, CIE Telecommunications Beperk, CIV Power Beperk, Central Lake Trading No. 77 (Edms) Beperk en Dark Fibre Africa (Edms) Beperk in.
3. Kontant by die kern sluit uit kontant gehou deur filiale wat afsonderlik hierbo gewaardeer is.
4. Die potensiële kapitaalwinsbelasting (KWB)-aanspreeklikheid, wat ongeouditeer is, is bereken op die spesifieke-identifikasiemetode deur gebruik te maak van die voordeligste berekening vir beleggings wat voor 1 Oktober 2001 verkry is en die korporatiewe vrystellingsbepalings word ook in ag geneem. Uitgestelde KWB op beleggings beskikbaar vir verkoop (hoofsaaklik Implats en Caxton) is onder "ander netto korporatiewe bates" hierbo ingesluit.
5. Vir doeleindes van berekening van die intrinsieke waarde, word ongenoteerde beleggings teen direkteurswaardasies aangetoon en genoteerde beleggings teen beurspryse.


**DIREKSIE**
**Nie-uitvoerende direkteure** Johann Rupert *(Voorsitter)*, E de la H Hertzog *(Ondervoorsitter)*, P E Beyers, G T Ferreira*, P K Harris*, N P Mageza*, J Malherbe, P J Moleketi*, M M Morobe*, M A Ramphele*, F Robertson*, H Wessels* *(* Onafhanklik)*

**Uitvoerende direkteure** M H Visser *(Hoofuitvoerende beampte)*, W E Bührmann, L Crouse, J W Dreyer, J J Durand, J A Preller, T van Wyk

**MAATSKAPPY-INLIGTING**
**Sekretaris** M Lubbe

**Notering** JSE Beperk
*Sektor:* Nywerhede – Algemene Nywerhede

**Sake-adres en geregistreerde kantoor** Carpe Diem Kantoorgebou, Quantumstraat, Tegnopark, Stellenbosch 7600 (Posbus 456, Stellenbosch 7599)

**Oordragsekretaris** Computershare Investor Services (Edms) Beperk, Marshallstraat 70, Johannesburg 2001 (Posbus 61051, Marshalltown 2107)

**Ouditeure** PricewaterhouseCoopers Ing., Stellenbosch

**Borg** Rand Aksepbank ('n Afdeling van FirstRand Bank Beperk)


Remgro Beperk

www.remgro.com

GREYMATTER & FINCH # 5180